Nuusbrief vir 6 Februarie 2020

Hoërskool Swartland

NUUS

Uit die skoolhoof se kantoor

6 Februarie 2020

Ons leerders lewer tans uitstekende prestasies op verskeie gebiede. Ons is trots op elke leerder wat Hoërskool Swartland se naam hoog hou tydens kompetisies en wedstryde en hulself so goed van hul taak kwyt. Baie geluk aan elkeen met pragtige uitslae! 'n Groot dankie ook aan ons afrigters, ouers, organiseerders en ondersteuners, asook leerders wat nie deelneem nie, maar altyd gewillig is om te help tydens hierdie byeenkomste. Dit word raakgesien en opreg waardeer.

Finanskantoor kennisgewing

5 Februarie 2020

Mev Van der Westhuijzen van ons skool se finanskantoor het 'n besering aan haar regterpols opgedoen. Om hierdie rede vra sy u geduld met die skoolfondsrekeninge. U kan natuurlik solank betalings doen sodat u rekening nie agter raak nie - dit sal alles mettertyd verwerk word. As u u kind se leerdernommer wil hê om as verwysing te gebruik, kan u haar skakel (022-4821469). Onthou ook van die R900 afslag wat u kan kry deur die volle jaar se skoolfonds voor 28 Februarie 2020 te betaal. U betaal dan slegs R17 000 in plaas van die normale R17 900 vir die jaar. Indien u oor 10 maande wil betaal, is die paaiement R1 790 per maand. U hoef nie te wag vir 'n faktuur om reeds betalings te maak nie. Baie dankie vir u begrip!

Koor: Langtafel ete en wynveiling

5 Februarie 2020

Ons skoolkoor hou op Vrydag 28 Februarie 'n langtafel ete en wynveiling ten bate van die toer wat hulle onderneem. Dit sal by ons skool plaasvind, 18:30 vir 19:00, en beloop R200 per persoon. Die kaartjies is by ons finanskantoor beskikbaar. Meer detail is op die kaartjie uiteengesit.

Hokkie voorseisoen oefenprogram

5 Februarie 2020

Sien die hokkie voorseisoen program (5 Februarie - 1 Maart) onder Bronne / "Resources" op hierdie D6 Communicator program.

Eudrich presteer in motorsport

5 Februarie 2020

Eudrich Huysamen, graad 8-seun en 13 jaar oud, is tans die jongste formule M drywer. Hy is ook 'n ywerige "Go-kart" renjaer by Zone 7. Kwela Kyknet het bietjie tyd saam met hom spandeer en hierdie voorskou / uitsending waarin hy gaan verskyn is op Sondag 9 Februarie. Volg hierdie skakel / "link": https://youtu.be/OFgY8uNLsTQ. Wel gedaan, Eudrich, baie sterkte met jou verdere motorwedrenloopbaan!

Selma presteer in Tweekamp

5 Februarie 2020

Selma du Preez het op 1 Februarie aan die Interprovinsiale tweekampbyeenkoms te Oudtshoorn deelgeneem en 'n uitstekende eerste plek behaal. Baie geluk, Selma!

Interskole gholf uitslae

5 Februarie 2020

Swartland se A en B-gholfspanne het op 3 Februarie die Interskole gholf teen Hugenote met oortuiging gewen. Baie geluk!

Swem: Seshoekige uitnodigingsgala

5 Februarie 2020

Hoërskool Swartland se swemmers het uitstekend gevaar by die Seshoekige uitnodigingsgala wat op 4 Februarie in Robertson plaasgevind het. Die algehele puntestand is as volg:
Swartland 558 punte, Worcester Gimnasium 488, Hugenote Hoërskool 444, Robertson 238 en Curro Hermanus 70. Baie geluk aan ons swemmers met hierdie besondere prestasie. Ons is trots op julle!

Swem prestasies

5 Februarie 2020

Kailen Kotze en Jessica Vorster het vir die Weskaapspan aan die SA-skole kampioenskappe in Pretoria deelgeneem en die volgende prestasies behaal:
Kailen: 200m vryslag silwer, 100m rugslag brons, 200m individuele wisselslag goud, 200m rugslag silwer, 100m vlinderslag brons. Hy het in al vyf items waaraan hy deelgeneem het medaljes verower.
Jessica het deelgeneem aan 200m vryslag, 200m borsslag, 100m borsslag, 50m borsslag en 50m vlinderslag. Sy het in al vyf items gekwalifiseer om in die finaal te swem en het in al vyf items onder die top 5 geëindig. Wel gedaan!

"Open water swimming" prestasie

5 Februarie 2020

Op Saterdag 1 Februarie het Schalk Burger aan die Bridgehouse Mile te Boschendal deelgeneem en 'n 7e plek uit 204 mans behaal. Sy tyd was 22min 55. In 2019 was sy tyd 27min 37. Baie geluk met hierdie pragtige prestasie, Schalk!

Swem Boland aflosgala (1)

5 Februarie 2020

Tydens die Boland aflosgala op 30 Januarie het die volgende swemmers baie goed gevaar:
Seuns 100 SC meter vryslag: Kailen Kotze (11e), AJ Hartman (15e), Schalk Burger (16e), Aiden Foot (20e).
Dogters 100 SC meter vryslag: Jessica Vorster (5e), Carli Vorster (14e), Selma du Preez (16e), Inge von Wielligh (27e).
Seuns 13-14 100 SC meter 'medley relay': Swartland 3de plek; Dogters 15-16 100 SC meter 'medley relay': Swartland 4de plek
Seuns 17-18 100 SC meter 'medley relay': Swartland 4de plek; dogters 17-18 100 SC meter 'medley relay': Swartland 10de plek
Seuns 50 SC meter rugslag: Kailen Kotze (5e), Schalk Burger (8e), Aiden Foot (9e)
Dogters 50 SC meter rugslag: Toné Malherbe (9e), Carli Vorster (18e), Selma du Preez (30e).

Swem Boland aflosgala (2)

5 Februarie 2020

Seuns 50 SC meter vryslag: Schalk Burger (14e), Kailen Kotze (15e), AJ Hartman (17e), Johann Dippenaar (26e).
Dogters 50 SC meter vryslag: Jessica Vorster (5e), Toné Malherbe (11e), Carli Vorster (23e), Selma du Preez (25e).
Seuns 13-14 100 SC meter vryslag aflos: Swartland 4e plek; Seuns 15-16 100 SC meter vryslag aflos: Swartland 7e plek.
Dogters 15-16 100 SC meter vryslag aflos: Swartland 5e plek
Seuns 17-18 100 SC meter vryslag aflos: Swartland 6e plek; Dogters 17-18 100 SC meter vryslag aflos: Swartland 9e plek
Seuns 150 SC meter vryslag aflos: Swartland 4e plek; Dogters 150 SC meter vryslag aflos: Swartland 7e plek

Krieket uitslae

5 Februarie 2020

Coca Cola T20 kompetisie - 2de rondte HSS O/19A vs Lutzville: HSS kolf eerste en teken 106 vir 9 aan in 20 beurte. Emile Juries teken 25 lopies aan en André Pienaar 22 lopies. Lutzville teken 91 vir 6 aan in 20 beurte. Reuben Tharratt en Ian Nel neem elk 2 paaltjies en HSS wen met 15 lopies.
HSS O/19B vs Steynville: HSS wen met 17 lopies. Lincoln Swarts neem 6 paaltjies vir 23 lopies.
HSS O/15A vs Piketberg: Piketberg kolf eerste en word uitgehaal vir 15 lopies na 10 boulbeurte. Stefan von Wielligh neem 7 paaltjies vir 7 lopies in 5 boulbeurte. HSS behaal die teiken met 2 paaltjies plat en wen dus met 8 paaltjies.
HSS O/15B vs Hopefield: Swartland kolf eerste en teken 131/8 na 20 boulbeurte aan. Hopefield behaal 33 lopies. Cobus Steyn neem 5 paaltjies en Swartland wen met 98 lopies.

Sone-atletiek uitslae

5 Februarie 2020

Met die Swartland Sone-atletiekbyeenkoms het ons skool se atlete 42 eerste plekke, 29 tweede plekke en 22 derde plekke behaal. Die volgende atlete het nuwe rekords opgestel:
Inge von Wielligh (D19), diskus (afstand 36,15m); Tercia Adams (D14), 400m (tyd 66,37).
Baie geluk aan hierdie dogters. 27 dogters en 30 seuns van ons skool gaan op 8 Februarie aan die Wes-Boland atletiekbyeenkoms te Dirkie Uys deelneem. Baie sterkte aan hierdie atlete.

Universiteit Stellenbosch algemene opedag

5 Februarie 2020

Hierdie opedag is op 29 Februarie 08:00-15:00. Bywoning is gratis en registrasie word nie vooraf benodig nie.
Let wel: Dit sluit die Ingenieurswese se opedag in.
Die beginpunt waar u 'n inligtingspakket oor die roete en sessies kan ontvang, is in die markiestent op die hoek van Banghoekweg en Joubertstraat in Stellenbosch. Vir verdere navrae kan u die inligtingskantoor skakel by 021-8089111.

Skoolfonds vir 2020

5 Februarie 2020

Die volgende skoolfonds en resolusies is bevestig en goedgekeur:
Skoolfonds van R17 900 per jaar per leerder. Dit word eenmalig vooruit gehef en is vooruitbetaalbaar.
U kan op drie maniere betaal:
R17 000 voor 28 Februarie 2020, OF R4 475 binne die eerste 14 dae van elke kwartaal, OF R1 790 per maand oor 10 maande met die laaste paaiement vóór 30 November 2020.
Alle nié-betalers tot en met die 31 Maart 2020-rekonsiliasie word outomaties vir invordering aan ons prokureurs oorhandig.
Alle rekeninge wat vir 60 dae en langer dormant en onbetaald is, word outomaties vir invordering aan ons prokureurs oorhandig.
Let wel- spesiale betaalreëlings mag slegs deur beheerliggaam (skriftelik) goedgekeur word.

Koshuislosies vir 2020

5 Februarie 2020

Die volgende koshuislosies en resolusies is vir 2020 bevestig en goedgekeur:
Losies: R30 100 per jaar per kind - vooruitbetaalbaar op drie maniere:
Eenmalig vir die jaar voor die einde van die eerste kwartaal, naamlik 31 Maart 2020; OF
R7 525 per kwartaal binne die eerste twee weke van elke kwartaal; OF
R3 010 per maand oor 10 maande, voor die 25ste van elke maand, met die laaste betaling vóór 30 November 2020.
Oorhandiging aan prokureurs van 'n kwartaal agterstallige rekening en uitsetting van sodanige kosganger uit die koshuis vanaf die daaropvolgende kwartaal. Die ouer bly aanspreeklik vir agterstallige losies, al is die leerder in so 'n geval uit die koshuis uit.

Skool, koshuise, bus, rekening nommers

5 Februarie 2020

Skoolfonds: (Navrae: Mev P van der Westhuijzen)
Rekeningnaam: Hoërskool Swartland, NEDBANK Malmesbury,takkode 154605, rekeningnommer 103 982 7438
Koshuislosies vir dogters: (Navrae: Mev D de Klerk)
Rekeningnaam: Huis van Zyl, NEDBANK Malmesbury, takkode 154605, rekeningnommer 103 983 1311
Koshuislosies vir seuns: (Navrae: Mev D de Klerk)
Rekeningnaam: Huis van Imhoff, NEDBANK Malmesbury, takkode 154605, rekeningnommer 103 983 0463
Busvervoer na en van Riebeek: (Navrae: Mev D de Klerk)
Rekeningnaam: Hoërskool Swartland busdiens, NEDBANK Malmesbury, takkode 154605, rekeningnommer 103 982 9058
By die verwysing moet u asb u kind se leerdernommer (skoolfonds) OF naam en van volledig intik.

School Communicator Mobile App

5 Februarie 2020

Besoek hierdie skakel op u selfoon en laai die skool se Communicator af. Blackberry, iPhone en Android toestelle.
http://school-communicator.com/download.php

Indien u liewer verkies om elke Vrydag 'n harde kopie van die nuusbrief op papier te ontvang, kan u kind hierdie nuusbrief elke Vrydag by mev De Klerk se kantoor gaan afhaal. Slegs 'n beperkte aantal harde kopieë word gemaak.

KALENDER vir 6 Februarie 2020 - 13 Februarie 2020

6th Februarie 2020
O/19A krieket vs Curro Langebaan (tuis)

7th Februarie 2020
Detensie 14:00

7th Februarie 2020
Koshuiskomitee vergader 13:00

7th Februarie 2020
Laerskole Swartlandsone atletiek
HSS veld

7th Februarie 2020
Wiskundetoets

7th Februarie 2020
Bloedskenk

7th Februarie 2020
Swem te Curro Hermanus

8th Februarie 2020
Krieket O/19A tuis
vs Stellenbosch

8th Februarie 2020
Krieket O/15A weg
vs Charlie Hofmeyr

8th Februarie 2020
Toutrek te HJS

8th Februarie 2020
Atletiek Wes-Boland Dirkie Uys

10th Februarie 2020
Swem vs Hugenote weg

10th Februarie 2020
Beheerliggaam vergader 18:00

10th Februarie 2020
Gholf vs HS Vredenburg (tuis)
Malmesbury

11th Februarie 2020
Formele toetse

11th Februarie 2020
Interskole atletiek tuis
vs Hugenote

12th Februarie 2020
Formele toetse

12th Februarie 2020
Tennis vs Hugenote tuis/weg

13th Februarie 2020
Krieket O/15B weg
vs Hugenote

13th Februarie 2020
Swem Aflosgala Bloemhof

13th Februarie 2020
Krieket O/19B tuis
vs Hugenote

13th Februarie 2020
Formele toetse

13th Februarie 2020
Bemarking sport, kultuur vergader 18:00

HULPBRONNE bygevoeg in die afgelope 7 dae

Hokkie voorseisoen oefenprogram 2020

http://downloads.d6communicator.com//downloads/resources/245_resource_5e3a7f361920a512615360.docx

Januarie 31 Nuusbrief

http://downloads.d6communicator.com//downloads/resources/245_resource_5e32a3b13ced1927348205.pdf

Wil jy die nuus kry soos dit gebeur? Kliek hier om die lessenaar kommunikeerder af te laai.